

Vrydag 28 September

Skrifgedeelte: Rigters 20:1-25

Fokusgedeelte: Rigters 20:1-25

Wanneer mens sonder God lewe (2)

Na die afskuwelike gebeurtenis in Rigters 19, besef die volk van die Here dat dinge nie meer so kan aangaan nie. Hier moet iets gebeur, die volk moet terugkeer na God toe. Die Israeliete vra vir die mense van Gibeon om net die skuldiges aan hulle te stuur, maar hulle weier.

Hoe maklik is dit nie baie keer om eerder na jou eie wil, die sondige, ontaarde gemors van jou "eie-ek" te luister as om net God se stem te volg nie. Die mense van Benjamin was deel van God se volk en tog besluit hulle om nie na God te luister nie, om eerder self hierdie probleem op te los.

"Ons is sterk genoeg, ons kan veg, ons sal die hele Israel verslaan." Na die eerste paar veldslae lyk dit ook asof hulle reg is, hulle verslaan die Israeliete twee keer. God se oor-deel is nie net oor die stam Benjamin nie, maar oor die hele Israel, wat van Hom vergeet het.

Sonder Jesus Christus in ons lewens is dit ook ons voorland. Sonder die daaglikse be-kering en terugkeer na God toe is daar nie hoop nie. Dit is eers wanneer ons tot die diepe besef van ons sonde kom dat ons nie anders kan nie as om God te smee vir 'n uitweg. Vir 'n antwoord, vir genade, vir sy stem in ons lewens. Dit is die enigste uitweg, die enigste oplossing vir die wêreld se probleme. Dit is die Antwoord.

Sing: Psalm 25-1:1

Ds. SJL (Lohan) Linde (Pretoria-Wonderboom-Suid)